WERKSAAMHEDE UIT DIE VVLU KANTOOR 8 September 2017 – 24 April 2018.

Liewe VVLU Vriende en Vriendinne

Die winter kruip stadig nader, die dae word al hoe korter en die blare aan die bome is besig om te verkleur in die mooiste warm kleure van rooi bruin en goud! Geniet hierdie tydjie van afskaal!

Soos julle reeds weet, het ons die VVLU kantoor vanaf Welkom na Virginia verskuif, aangesien afstand 'n wesentlike probleem was. Die kantoor funksioneer baie goed en Mev Marieta de klerk van Area 6 is as Tesourier en Sekretaresse aangewys.

Ons begin sommer vroeg al soek na 'n geskikte venue met genoeg slaapplek vir die kongres, 5 en 6 September 2018 en is dit vir my aangenaam om aan te kondig dat ons op Sandstone Sleeper Estate, Glen, ongeveer 20 km buite Bloemfontein, besluit het.

Ons eerste Dagbestuur- en Uitvoerende Bestuursvergadering as nuwe UB word gehou en baie suksesvol afgehandel.

Besoek word afgelê by al die takke in area 8 en woon ek ook hulle afsluitingsfunksies vir die jaar by.

Gerda Barnes ry saam met my Johannesburg toe, op 17 Oktober 2017, vir die ACWW konferensie. Ons eerste SAVLU vergadering saam met die ander Presidentes word ook terselfdertyd gehou.

On 2 November 2017 Marieta de Klerk joined me when we visited Huis Ebenhaezer in Viljoenskroon. Helping these amazing people who give willingly of their free time is the FSWAU Head office project for 2017- 2018.

It was also an honour to join the mini show of Area 3 in Daniëlsrus on 15 November 2017, Ons eerste Paneelbeoordelaarsvergadering na die kongres is gehou op 24 November 2017, te Virginia . Samewerking tussen die beoordelaars en UB is prioriteit! Finale puntetoekenning vir artikels word bespreek.

'n Welverdiende rustyd vir die UB asook lede lê voor en beste wense vir Kersfees en die Nuwe jaar word hulle toegewens.

Februarie 2018 breek aan en ons vat die langpad na al nege areas se konferensies! Hobhouse is eerste aan die beurt op 20 Februarie, daarna Luckhoff en toe Petrusburg. Die tweede week kom Parys, Jubileum en Wesselsbron aan die beurt. Vir die laaste week van die konferensies ry ons na Cornelia, Bethlehem en Ficksburg. Wonderlike, goedbeplande en op hoë standaard konferensies is deur al die areas aangebied en wil ek hiermee my dank en waardering aan elke area oordra vir al die bederf en moeite teenoor ons. Baie tevrede en trots op VVLU se lede keer ons terug huis toe na die laaste konferensieaanbieding op 10 Maart 2018.

Op 10 April oorhandig ek die Verbruikerswetenskapsprys aan die beste student in Verbruikerswetenskap, Mej M Louw, by Kovsies Universiteit. Mev de Klerk en ek besoek ook weer Sandstone i.v.m. die kongresreëlings.

This part of the year was ended with the presentation of the three enrichment seminars. I attended the one in Welkom and would like to extend a word of thanks and congratulations to the presenters Mrs T Marais and A-M Buonadonna for well-prepared information regarding competition 2019 articles.

Geniet die langnaweek wat voorlê en..... kyk mooi na julleself!!

Gerda Pienaar

President VVLU